

OORDENKING (Aanbidding)

(Uittreksels uit Rick Warren se boek "Die Doelgerigte lewe", bladsy 55-59)

Romeine 6:13 - "Stel julle in diens van God... en stel elke deel van julle liggeme in diens van God as werktuig om te doen wat God wil".

Alles wat jy doen om God te behaag, is aanbidding. Om die waarheid te sê: Jy is vir God se behaag beplan. Die oomblik toe jy gebore is, was God daar as 'n onsigbare getuij wat met jou geboorte geglimlag het. Hy wou hê jy moes lewe, en jou aankoms het Hom behaag. **Dit was nie vir God nodig om jou te skep nie, maar Hy wou jou vir sy behaag skep.** Jy bestaan tot Sy eer, doel en behaag.

Die eerste doel van jou lewe is om God behaag te gee en vir sy behaag te leef. Wanneer jy hierdie waarheid ten volle besef, sal jy nooit meer onbenullig voel nie. Dit bewys jou waarde. Jy is 'n kind van God, en jy gee God behaag – die meeste van alles wat Hy geskep het. **Ons noem die behaag wat ons God gee, "aanbidding".**

Alles wat jy doen om God te behaag, is aanbidding. Aanbidding het talle fasette, soos 'n diamant. Volkekundiges het raakgesien dat aanbidding 'n universele behoefté by mense is. God het dit deel van elke vesel van ons wese gemaak – die ingeboude behoefté om in verhouding met God te hê.

Aanbidding is net so natuurlik as om te eet of asem te haal. As ons God nie aanbid nie, kry ons altyd iets anders om te aanbid, al is dit onself. **God het ons met hierdie behoefté gemaak omdat Hy aanbidders wil hê!** Jesus het gesê: "... ware aanbidders aanbid die Vader deur die Gees en in waarheid, want die Vader wil huis hê dat die mense wat hom aanbid, dit so moet doen" (lees Johannes 4:23).

Wanneer ons dink aan aanbidding, dink ons aan dinge soos kerkdienste met liedie, gebed, en 'n preek. Aanbidding kan al hierdie elemente bevat, maar is veel meer as net dit. **Aanbidding is eintlik 'n lewenswyse.**


Maar gepraat van aanbidding tydens kerkdienste: Wanneer ons aanbid, is dit om God te behaag, en nie onself nie. As jy al ooit gesê het; "Ek het vandag nijs uit die erediens/preek gekry nie", het jy vir die verkeerde rede die diens besoek. **Aanbidding is nie vir jou nie. Dis vir God.** Die motief van aanbidding is om Hom te verheerlik en te behaag.

Aanbidding vind egter nie net tydens kerkdienste plaas nie. Mens kan enige bedrywigheid in aanbidding omskep as jy dit doen om God te prys, te verheerlik en te behaag. **Hoe kan ons alles tot eer van God doen? Deur alles te doen asof jy dit vir Jesus doen,** en gedurig met Hom gesprekke te voer terwyl jy dit doen. In Kolossense 3:23 staan: "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie..." .

Dit is die geheim van 'n aanbiddings-lewenswyse – om alles te doen asof jy dit vir Jesus doen. Dinge soos bv. werk word aanbidding as jy dit aan God opdra en dit doen terwyl jy van Sy teenwoordigheid bewus is.

Broer, Suster, aanbid God met alles wat jy kan, met jou hele lewe!

DS Leon Tait



Maandblad

Mei 2009

2009 is die jaar van herlewning



Ses Moedhou-ankers



Die Here Jesus het ons voorberei dat die lewe in die wêrld sal moeilik wees, maar Hy gee ons wat nodig is om moed te hou. In Johannes 16 gee Jesus ses moedhou-ankers:

1 Anker van Geeskrag (7)

Tog sé Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.

- Ons is nooit alleen met ons probleme nie
- Die Heilige Gees is ons Versterker en Helper

2 Anker van opstandingsblydskap (22)

Net so is julle ook nou bedroef, maar as Ek julle weer sien, sal julle harte vol blydskap wees, en niemand kan julle blydskap van julle af wegneem nie.

- Ons Verlosser leef, daarom kan ons met blydskap die lewe hanteer!

3 Anker van Gebedsverhoring (23b,24)

Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee. ²⁴Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."

4 Vaderliefde (27)

...want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat Ek van God gekom het.

- In moeilike tye, onthou jy is die beminde van die Here!
- Niks kan jou van Sy liefde skei nie (Rom 8:35,37,38-39)

5 Christus-vrede (33a)

Dit sé Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My.

- Joh 14:27

6 Oorwinning (33)

In die wêrld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêrld klaar oorwin. Jesus is soos die bergklipper wat reeds bo is en nou vir ons help om bo te kom!

Met hierdie ankers kan jy moedvol in hierdie wêrld met al sy probleme leef!

DS Leon van Heerden

!! Onthou-Datums !!

- ✖ 5 Mei @ 19:00 Kom kyk splinter nuwe dvd wat jou huweliksverhouding sal versterk nl. *Fireproof!* - In die kerk
- ✖ 10 Mei @ 9:00 Moedersdagdiens!
- ✖ 7 en 14 Mei @ 11:30-13:00 Opleiding vir almal wat siekesorg (tuis of in hospitaal) wil doen - In konsistorie.
- ✖ 17 Mei @ 9:00 Omgeesondag! Na diens opleiding vir omgee groepleiers.
- ✖ 25-29 @ Mei 10:00 Pinksterbidure vir Seniors
- ✖ 21 Mei @ 18:30 Hemelvaartdiens by Pierneef gemeente
- ✖ 31 Mei-7 Junie @ 18:30 Herlewingsdienste in die kerk!! Bid nou al hiervoor! Predikers: di Nico van Wyk en Willem Badenhorst



Aanbidding.....

Vader, U is God, die Skepper van die hemel en die aarde. U is Heilig, U is verhewe, U woon in ontoeganklike lig. U sit op u troon waar die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge U dag en nag aanbid met die woorde:

"Heilig, heilig, heilig is die Here ons God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom". Aan U kom toe al die lof en die eer en die heerlikheid, tot in ewigheid.

"Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep".

Ook die engele in hulle miljoene loof en prys U terwyl die hele skepping U aanbid en sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerskheid en die krag, tot in alle ewigheid".

Ja, Here, al die hemelwesens buig voor U neer in aanbidding. U heiligeheid en heerskheid versig en deurstraal alles rondom U. U is die enigste ware God – die Almagtige. Saam met die hele skepping, die hemelwesens, mag ek U loof en prys en aanbid. U, dié groot en almagtige God, noem ek Vader. Ek is u kind. U woon by my. U vul my met u Gees. U deurdrenk my met u heerlike teenwoordigheid. U maak my deur en saam met Jesus u kind.

Daarom noem ek U vader – met dankbaarheid, eerbied en ontsag. In groot nederigheid, maar met groot vrymoedigheid.

U is Abba, Vader, ook my Vader.

Amen



Bediening vir Aanbidding

Aanbidding sluit baie elemente in, onder meer bekentenis, sang, harde uitroope, eerbiedig staan, kniel, dans, 'n vreugdevolle geraas, getuienis, bespeling van musiekinstrumente en hande lig. God het behae in aanbiddingsoffers soos, danksegging, prys, nederigheid, berou, offergawes, gebed, diens aan ander, en gawes aan behoeftiges. Die beste soort aanbidding is die een wat jou liefde vir God die opregste verteenwoordig, op grond van die persoonlikheid wat God jou gegee het. Waar jy aanbid, is minder belangrik as waarom jy aanbid en hoeveel jy van jouself aan God bied wanneer jy aanbid. Essensieel is aanbidding altyd 'n ontmoeting met God sodat Hy sy mense kan lei.

Tydens aanbidding word die gemeente geseeën om te sien en te hoor wat God oral om hulle doen. Tydens aanbidding is ons deurgaans in 'n gesonde liggaam vergader waardeur Christus, die Hoof, sy werk kan doen. Aanbidding is veel meer as bloot kerk toe te kom om te sing, na 'n preek te luister en in gemeenskap met ons vriende om te gaan. Aanbidding is 'n geleentheid om God van aangesig tot aangesig te ontmoet.

Aanbidding is die *lewensbloed* van God se mense. God het die korporatiewe lewe van Sy volk so beplan dat hulle deurgaans voor Hom te stane kom. Elke keer word mense, tydens aanbidding, in Sy teenwoordigheid, vir altyd verander. Wanneer mense saam aanbid, sal Sy teenwoordigheid hulle enige sonde in hul lewens laat raaksien, hulle hul rug daarop laat keer en na Hom laat terugkeer. Hy kan dan met ons praat, lei, en deur ons werk, terwyl ons reageer op Sy ontsaglike teenwoordigheid.

Daar bestaan tans 'n **dringende** behoefte by die bediening vir aanbidding vir taakspan-leiers en lede. Indien jy gelei word om in te skakel by hierdie bediening, tree asb in verbinding met:

Karin van Schalkwyk @ 082 569 6590 of
Tommy Rademeyer @ 082 372 9803

